

HULDIGINGSARTIKELS

Du Toit, D A
Universiteit van Stellenbosch

en

Theron, P F
Universiteit van Stellenbosch

Daniel Albertus du Toit



Daniel Albertus (Danie) du Toit is gebore op 8 Januarie 1942 in die Douglas-distrik waar hy ook sy skoolloopbaan voltooi. Hy verwerf die grade B.A., B.Th., M.A., asook die Lisensiaat in Teologie (almaal cum laude) aan die Universiteit van Stellenbosch. In 1971 verwerf hy die graad D.Th. aan die Vrije Universiteit in Amsterdam. Die titel van sy proefskrif onder leiding van prof G C Berkouwer is “*Neergedaal ter helle*” ... *Uit die geskiedenis van ’n interpretasieprobleem*.

Du Toit was senior lektor aan die Hugenote Kollege (1971-1975), deelydse leraar van die N G Gemeente Wellington-Noord (1971-1973, medeprofessor aan die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria en deelydse dosent in Bybelkunde aan die Randse Afrikaanse Universiteit (1976-1977), senior lektor (1978-1984) en professor (1985-2001) in die Fakulteit Teologie, Universiteit van Stellenbosch. Danie het in 2002 sy vrou Elsa aan die dood afgestaan. Danie het 4 kinders, naamlik Louise, Fanie, Tielman en Danie jr. Na sy aftrede doseer hy steeds aan die Fakulteit Teologie in Stellenbosch.

Hy het verskeie navorsingstoekennings ontvang, onder andere RGN-toekennings vir senior navorsers vir ’n projek oor menseregte en ’n projek oor voorgeboortelike lewe. Belangrike temas waarop hy gefokus het, is onder andere menseregte, teologiese antropologie en talle vraagstukke op die gebied van biotiek en beroepsetiek.

Hy het oor jare heen in talle sinodale kommissies van die NG Kerk diens gelewer. In 1986 was hy voorsitter van die Keurkomitee oor gestremdheid van die Departement Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling.

In hierdie huldigingsbundel tree verskeie kollegas en oudstudee en twee van sy kinders in gesprek met hom en put hulle inspirasie uit belangrike elemente in sy werk.

Robert Vosloo dui aan dat Danie du Toit hom gehelp het om waardering te ontwikkel vir die deugde-etiek, oftewel tradisie-afhanklike etiek, soos geartikuleer deur veral Alisdair MacIntyre, as ’n belangrike benadering in die etiek naas die dominante Verligtingsgevoormde benadering. In sy

artikel maak hy ook aan die hand van die werk van John D Caputo voorstelle aangaande 'n etiek van dekonstruksie (of dekonstruksie van etiek) wat die beoefening van 'n etiek van brose afhanklikheid impliseer. Hy vind in MacIntyre se latere werke raakpunte met laasgenoemde benadering. In aansluiting by Du Toit se beklemtoning van die rol van die Bybel in etiek maak Etienne de Villiers voorstelle oor die wyse waarop die Bybel in hedendaagse morele kwessies in die Suid-Afrikaanse konteks gebruik kan word. Fanie du Toit, Danie se seun, huldig sy pa se werk as een van die eerste gesistematiseerde pogings in Afrikaanse teologiese kringe om met die menseregte-tradisie in gesprek te tree. Hy pleit vir 'n dialogiese menseregte-diskoeers waarin dit teologie se bydrae is om 'n antropologiese onderbou vir menseregte te voorsien, die integrering van die sogenaamde generasies van regte te bevorder en om gemarginaliseerde stemme te laat hoor. Danie se dogter, Louise du Toit, maak voorstelle wat biotiek kan verryk. Teenoor die klassieke liberale verstaan van die self pleit sy vir 'n feministies-fenomenologiese verstaan van die self wat impliseer dat mense beliggamde, seksueel-gedifferensieerde, veranderlike, intersubjektiewe wens is wat opgeneem is in verhouding wat ongelyk is ten opsigte van mag en simboliese konstruksie. Dirkie Smit toon aan hoe Danie du Toit se werk ontwikkel het rondom liturgies-doksologiese temas, sistematies-teologiese temas, en uiteindelik etiese temas, en gaan dan na hoe presies dié drie temas vandag weer wêreldwyd met mekaar in intieme verband gebring word.

Nico Koopman, opvolger van Du Toit in die Fakulteit Teologie, waardeur Du Toit se klem op die rol van die Christelike tradisie in morele diskoeers. Hy argumenteer dat die rol van die Christelike tradisie ten aansien van moraliteit nie net dié van motivering, voorsiening van singewende kaders en morele vorming is nie, maar dat dié tradisie ook 'n wesenlike en unieke bydrae tot die inhoud van moraliteit maak.

Philippus Francois Theron



Philippus Francois (Flip) Theron is op 4 Augustus 1942 gebore in die George-distrik. Hy voltooi sy skoolloopbaan aan die Hoërskool Outeniqua te George.

Hy behaal die volgende kwalifikasies aan die Universiteit van Pretoria: B.A. (1963), B.D (1967 – cum laude), Proponentseksamen (1968 – cum laude) en D.D (1976). Die titel van sy dissertasie onder leiding van prof Johan Heyns is *Die ekklesia as kosmies-eskatologiese teken – die eenheid van die kerk as 'profesie' van die eskatologiese vrede*.

Theron dien as predikant in die NG Gemeentes Rietfontein-Noord in Pretoria (1970-1976), Stellenbosch-Welgelegen (1977-1981) en as senior lektor (1981-1989) en medeprofessor (1990-2003) in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch, waar hy na sy aftrede steeds diens as deeltydse dosent lewer. Flip is getroud met Marianna en hulle het 6 kinders, naamlik Hendrik, Pieter, Flip, Johann, Christa en Marianna.

Hy het verskeie navorsingstoekennings ontvang, onder andere die RGN se toekening vir senior navorsers vir werk oor die tema: Koninkryk en kruis – 'n studie oor die kritiese teologie van Oepke Noordmans.

Sy navorsing en publikasies het op die volgende temas gefokus: ekklesiologie, eskatologie, sakramentologie en skrifleer. Hy is veral 'n kenner van die teologie van Oepke Noordmans en

lewer in die laaste jare dikwels bydraes in Nederland oor dié invloedryke teoloog.

Hy het oor jare heen in talle sinodale kommissies van die NG Kerk diens gelewer. Hy was onder andere voorsitter van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die NG Kerk in Wes-Kaap.

In hierdie huldigingsbundel tree verskeie kollegas en oudstudente en een van sy kinders in gesprek met hom en put hulle inspirasie uit belangrike elemente in sy werk.

Jare lange kollega en tans dekaan van die Fakulteit Teologie, Daniel Louw, maak voorstelle oor die posisie van teologie as wetenskap in 'n akademiese konteks. Hy meen dat die sogenaamde hermeneutiese paradigma, anders as 'n beskrywende of selfs positivistiese model met sy klem op verifiëring en falsifikasie, groot potensiaal vir die verstaan van teologie as wetenskap inhou. Ernst Conradie tree in kritiese gesprek met Theron oor sy verstaan van die verhouding tussen kerk, kosmos en eskaton. Hy evalueer Theron se siening van die kerk as *paroikia* deur te wys op die gevare van dosetisme, Manicheïsme en gnostisisme. Na 'n ondersoek van die verhouding tussen Skrif en tradisie, geloof en empiriese ervaring, teologie en godsdienssosiologie konkludeer Andries Cilliers dat die Christelike tradisie vir die teoloog die interpretasieraamwerk is aan die hand waarvan die moderne wêreld verstaan word. Pieter van der Walt argumenteer dat die kerk as nuwe skepping of herskepping 'n teken van die koninkryk is. 'n Wesenlike kenmerk van hierdie tekenkarakter van die kerk is die eenheid van die gemeente wat bestaan uit mense van verskillende rasse, sosiale stande en genders. Johann Theron, seun van Flip Theron, ondersoek die aard van Judas se verraad en konkludeer dat die hart van sy verraad ontspring in sy siening dat Jesus met sy vreemde uitsprake oor die Joodse nasie, die tempel en die wet, die verbondsvolk verrai. Deon van Niekerk demonstreer hoe die kindernagmaal tot 'n reevaluering lei van die aard van kategeese, naamlik dat die klem nie op die daad van belydenisaflegging lê nie, maar op die beloftes van God. Die potensiaal van die nagmaal (waaraan katkisasië ook deelneem) om geloof te wek en versterk word ondersoek. Dirkie Smit wys op die sleutelrol van die vreemdheid van die kerk in Theron se denke en spekulêr oor die vraag of dit nie 'n ryke potensiaal inhou om op gereformeerde wyse oor die Christelike erediens na te dink nie.